KORT VERSLAG VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN KLASSIS-SUID GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2005 IN DIE KERKGEBOU VAN DIE VGK KAAPSTAD

Die vergadering is namens die sameroepende kerk geopen deur ds. E Viljoen en nadat die geloofsbriewe in orde bevind is. is tot moderamen verkies, ds. E. Viljoen (voorsitter), ds. P. Nel (tweede voorsitter) en oudl. K. Haak (skriba).

Eerstens is sake behandel wat sedert die vorige klassis, toe nog klassis A, oorgedra is op die agenda van klassis-Suid. Die vergadering besluit dat die *klassisreëlings*, soos opgetrek deur klassis A, oorgeneem sal word as amptelike reëlings vir klassis-Suid. Die vergadering kontinueer ook die *deputaatskap vir die besinning oor kategesemateriaal* in die VGKSA's. Die opdragte van die deputaatskap word oorgeneem, naamlik om die huidige stand van sake met betrekking tot die materiaal wat in die kerke gebruik word op te dateer en te inventariseer en die opgedateerde verslag aan al die kerke te versprei. Daarna moet die wenslikheid van standardisering van materiaal en sillabusse vasgestel word. Die vergadering wys in dié verband op die belangrikheid van skoling in die kerkgeskiedenis en bybelkennis wat behoort te dien as addisionele modules tot die leerplan. As begronding vir dié besluite word genoem die leemtes in die bestaande leerplanne en die gebrek aan uniformiteit tussen die gemeentes. Di. Nicholson (sameroeper), Breytenbach en Viljoen word gekontinueer as deputate. Die kerk van Kaapstad kry die opdrag om 'n dokument op te trek oor die prosedure en uitgangspunte *vir toelating van gaste tot die nagmaal* word en wat kan dien as riglyn vir die kerke. Hulle sal die klassis weldra dien met konsep-riglyne hieroor.

Nuwe sake wat bespreek is, is eerstens welke beginsels toegepas moet word by die *opname van gemeentes in die kerkverband*. Die vergadering spreek die behoefte uit aan meer noukeurige prosedures en doen dit na aanleiding van lesse uit die verlede en met die oog op moontlike aansoeke in die toekoms. Moontlike stappe in die prosedure, soos langsame en nie oorhaastige opname; deeglike verkennende kontakte deur middel van uitnodiging na ons klassisvergaderings; gesprekke met die kerkraad met die visitasievrae as rigsnoer; bywoning van mekaar se eredienste; ens. word bespreek. Die vergadering dra dit aan die kerk te Bethal op om 'n skrywe aan die *Gereformeerde Protestante Gemeente in Brakpan* te rig waarin hulle uitgenooi word na ons volgende klassis.

Die vergadering bespreek die *belang van die prediking* in die geestelike vorming van die kerk van die Here. Ter wille van die voortgesette stimulering van leraars in dié verband, word besluit dat leraars van die klassis op 'n rotasiebasis preke vir preekbespreking op klassis sal voorsien.

Die vergadering neem ook kennis dat 'n formele reëling vir *leraars sonder beroep in die kerkverband* verder verfyn moet word. Ook dié saak sal op 'n volgende vergadering verder bespreek word. Die vergadering neem met leedwese kennis van die voortslepende *siektetoestand van ds Jopie van der Linden* en bespreek die *visitasieverslag* van die VGK Johannesburg hieroor. 'n Opvolg visitasie mag spoedig aangevra word om die gemeente

en kerkraad te dien in hulle volgehoue geloofsbesinning oor hulle situasie. Die gemeente en hulle leraar word daarna in gebed opgedra aan die Here.

Die vergadering neem die brief van Bethal in behandeling rakende die *teologiese opleiding*. Die kerke spreek hulle eenvormige begeerte uit om die skriftuurlike opdrag om 'n eie teologiese opleiding deur die kerke en vir die kerke as prioriteit te bly handhaaf. Hulle besin hoe hulle die bestaande sinodebesluit in dié opsig kan kompleteer. Die uitbesteding van die opleiding van bedienaars van die Woord aan buite-opleidings en die reaktiewe "afronding" van leraars nadat hulle elders opgelei is (eerder as 'n pro-aktiewe en voorbereidende oriëntering), is nie die ideaal vir die klassis nie. Die daarstelling van 'n opleiding, wat onder die toesig staan van die klassis en wat Kaapstad kan assisteer in sy opleiding, blyk binne die opdragte van die sinodebesluit te val. Dié opleiding kan die las van Kaapstad heelwat verlig en van diens wees vir die kerke.

Kaapstad nooi die nuwe kerke op klassis, naamlik Johannesburg en Bethal, om te besin oor maniere waarop hul betrokkenheid by die sending op die Kaapse vlakte meer konkrete gestalte kan kry as bloot meelewe in gebed en finansieële ondersteuning.. Die kerke verklaar hulle heelhartige bereidwilligheid hiertoe.

Die VGK Kaapstad stel die klassis in kennis van hul standpunt rondom die doop van wettig aangenome kinders. Die bedoeling is dat kennis geneem word van die standpunt en om daardeur eenstemmigheid in die kerklike praktyk te bevorder. Die amptelike goedgekeurede standpunt van die kerkraad sal in die toekoms op die vergadering dien.

Onder artikel 41 versoek Bethal die raad van die kerke in verband met hul situasie rondom *seniorkategese*. Die beginsel, dat katkisante eers 'n jaar na hulle matriekjaar belydenis aflê, skep probleme in Bethal omdat heelwat katkisante nie na matriek na 'n gebied gaan waar daar 'n VGK is nie. Bethal moedig wel die katkisante aan om hulle planne so te maak dat hulle wel naby 'n VGK te reg moet kom. Die kerke toon begrip vir die feit dat katkisante reeds aan die einde van matriek of vroeg in die volgende jaar belydenis aflê.

Die vergadering word met gebed gesluit nadat die volgende sameroepend kerk, Bethal, aangewys is.